NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

20 November 2024

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Ringskommissies

**OMSENDSKRYWE NR 45/2024**

Geagte broers en susters

**INLIGTING- EN BESPREKINGSVERGADERING**
**20 FEBRUARIE 2025**

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het by hul vergadering gehou op 4 tot 6 September 2024 besluit om 'n Inligting- en Besprekingsvergadering te hou op ***Donderdag 20 Februarie 2025 vanaf 09:00 tot 15:30*** te Gemeente Pretoria-Oos (Delyweg 100, Waterkloofpark).

Die Kommissie wil hierdie geleentheid benut om met **ringskommissies** oor 'n aantal belangrike sake gesprek te voer, onder andere:

* Gemeentelike administrasie, belastingaangeleenthede, gemeentes se debiteureskuld en die rol van die ringskommissies.
* Alternatiewe bedieningsmodelle in die Kerk.
* Uitgangspunte vir die bediening.
* VBO-opleiding van predikante.
* Beskrywingspunte vir die 74ste Algemene Kerkvergadering.

Elke ring word versoek om een of twee verteenwoordigers te stuur. Om verafgeleë ringe te help om kostes te bespaar gedurende die AKV-jaar, sal daar gepoog word om die geleentheid ook lewendig te stroom.

* **Program**

Die program vir die vergadering verloop soos volg:

| | |
|---|---|
| 08:30 | Aankoms |
| 09:00 | Opening |
| 09:30 | Gesprek |
| 11:00 | Teetyd |
| 11:30 | Gesprek |
| 13:00 | Middagete |
| 13:45 | Gesprek |
| 15:30 | Vertrek |

* **Koste**

R195.00 per persoon vir diegene wat dit in persoon gaan bywoon.

*    **Betaling**

Die betalings moet asseblief vooraf elektronies in die volgende rekening gedoen word:

**Bank**: ABSA<br>
**Rekeningnaam**: Raad van Finansies<br>
**Rekeningnommer**: 020-000-287<br>
**Takkode**: 632-005<br>
**Verwysing**: 5IBVK + gemeentenaam/ringsnaam/van en voorletters.

Die bewys van betaling moet gestuur word aan Karen by karen@nhk.co.za. Gebruik as verwysing die naam van die ring.

*    **Inskrywingsvorm**

Dit is baie belangrik dat die inligting van alle ringskommissielede wat die byeenkoms gaan bywoon op die aangehegte inskrywingsvorm so gou moontlik, maar nie later nie as ***31 Januarie 2025***, na karen@nhk.co.za gestuur word. Daar moet vooraf voorsiening getref word vir kos en verversings.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sien uit daarna om u op 20 Februarie 2025 te sien.

Beste wense,



**Dr WC van Wyk**<br>
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***<br>
***Namens Skriba: Ds JF van der Merwe***

082 339 2332<br>
wouter@nhk.co.za